

# Week 2



---

## 40 Dae tot **'n inniger verhouding** met God



## Dag 8

---

### Vir gesinne

---

Lees weer die verse en laat jul kinders die storie uitbeeld. Vra die een wat die verlamde bedelaar is hoe hy/sy voel. Vra hulle wat die rolle van Petrus en Johannes vertolk om te verduidelik hoe hulle voel. Help hulle om deel te word van die storie en help hulle om te verstaan wat dit beteken om die hemelse oplossing vir die wêreld se mistroostigheid te hê.

## Woensdag 21 Februarie

---

### Handelinge 3:1-10 – Oop oë vir nood

---

Petrus het stip na die man in nood gekyk – kyk ons na die pyn en lyding van hulle rondom ons? Sien ons dit raak?

Petrus was realisties oor sy eie gebrek aan hulpbronne, maar vol geloof oor die hulpbronne wat hy in Jesus gehad het – dit is die man wat al bang weggehardloop het, maar ook die man wat al vir Jesus gesien het terwyl Hy wonderwerke gedoen het, die een wat die opgestane Jesus gesien het en wat nou vervul is deur die Gees van Jesus. Hy het regtig geglo dat die tyd van die Messias gekom het deur **Jesus, soos wat die profeet voorspel het: "Lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing" (Jesaja 35:6). Hy verwys na genesing as "dit wat ek het"!**

**Verstaan ons die outoriteit en krag wat ons s'n is in die naam van Jesus?** Wanneer ons vir mense bid, voel ons soms swak, maar ons kan weet dat Jesus dit kan doen.

**Christelike leierskap gaan nie daarvoor om 'n balkie te ontvang of bevordering te kry nie.** Dit is eenvoudig om te **sien wat God in 'n bepaalde situasie wil doen en om dan self iets te doen!**

#### VRA

1. Vra God om jou oë oop te maak vir die mense in nood rondom jou en om dan vir jou die geloof te gee om vir hulle te bid.
2. Bid dat ons meer mense sal sien wat genees in NG Kerk Kathu.
3. Vertel vir God waar jy spesifiek sy hulp benodig in hierdie week. Bid dat Hy jou sal help om hierdie hulp aan te gryp **as "dit wat jy het" in Jesus se naam.**

## Dag 9

---

### Vir gesinne

---

Praat met jul kinders oor dit wat hulle senuagtig en skaam maak om te sê **hulle is 'n volgeling van Jesus. Help hulle om aan 'n baie basiese manier** te dink hoe hulle hul getuigenis oor Jesus met hul skoolmaats kan deel. Bid vir hulle en moedig hulle dan aan om tot aksie oor te gaan.

## Donderdag 22 Februarie

---

### Handelinge 3:11-26 – Genees deur die Lewenskrywer

---

Petrus gryp die geleentheid om te praat aan: hy ontken Jesus nie meer soos wat hy voor Sy dood en opstanding gedoen het nie. Hy vat die mense dapper aan oor die verskriklike misdaad van die kruisiging. Hy maak die konneksie na die Ou Testamentiese titels vir die Messias – **“die Profeet” soos Moses (Deuteronomium 18:15), en die “Lydende dienaar” (Jesaja 42-53), sowel as name wat deur die Ou Testament voorkom: “die Heilige een”, “die Regverdige” en die “Skrywer van die lewe”.** Hy beklemtoon en bevestig wie Jesus was en is – die Messias, die Redder en die ware Seun van God wat ons in staat stel om deel van die familie te word.

Dit is duidelik dat Petrus diep gaan dink het – hy het voorheen geprotesteer toe Jesus aangekondig het dat Hy gaan ly en moes doodgaan. Nou was hy oortuig waarom die dood en opstanding van Jesus so onontbeerlik was. Hy het die implikasie van sy geloof in Jesus deurdink. Hy kondig aan dat die opgestane Jesus die bron is van alle fisieke en spirituele lewe in die heelal.

Hoeveel van Petrus se moed en harde werk om die Goeie Nuus te deel, word in jou reflekteer? Maak vandag tyd om te dink hoe jy moontlik die Goeie Nuus van Jesus aan ongelowiges kan deel. Wat beteken die dood en opstanding van Jesus vir hulle?

### VRA

1. **Loof Jesus dat Hy vir jou die “lydende dienaar” en “Skrywer van die lewe” is. Dink aan ander name en beskrywings van Hom en loof Hom daarvoor ook.**
2. Soek Paulus se gebed op in Efesiërs 1:15-23 en vra God **dat jy die “geweldige groot krag” wat vir gelowiges bestem is, sal ervaar.**
3. **Vra God vir 'n dieper bewustheid van die krag wat jy in Hom het en dat Hy vir jou geleentheid sal gee om soos Petrus dit dapper met ander te deel.**

## Dag 10

---

### Vir gesinne

---

Vra vir jul kinders wat dink hulle beteken Petrus se stelling in vers 12 vir Moslems, Hindoes en ongelowiges by die skool? Waarom sê hy dit? Help jou kinders om te worstel met ander gelowe se onvermoë om redding te bewerkstellig. Moenie hul vermoë om dit te verstaan, onderskat nie.

## Vrydag 23 Februarie

---

### Handelinge 4:1-12 – Groei ten spyte van vervolging

---

Die priesters en Sadduseërs (bekend vir hul ongeloof in die opstanding) en die bevelvoerder van die tempelwag het op Petrus en Johannes afgestorm. Petrus en Johannes het voor die Joodse Raad die sleutelwaarhede van die Evangelie verduidelik. Jesus is gekruisig, uit die dood opgewek en is nou lewendig om te genees en te red. Redding kan nêr by Hom gevind word.

Die beeld van die hoeksteen van die Ou Testament toon **iets van Jesus se verwerping: Hy is 'n struikelblok vir baie, maar Hy is ook die steen wat die gebou voltooi. "Ek gaan in Sion 'n klip neersit, 'n uitgesoekte klip, 'n hoekklip wat fondament aan fondament sal sluit," (Jesaja 28:16). Hierdie bekende verse het die Joodse Raad uitoorlê. Hulle eie regter is die ewige Woord van God.**

Ten spyte daarvan dat Petrus en Johannes in die tronk gegooi is, het daar fenomenale groei plaasgevind. God was besig om te werk! Die groei wat in daardie tyd plaasgevind het, is begin deur die dapper prediking van Petrus. Petrus het geweet dat dit wat hy verkondig sy dood sou kon veroorsaak, maar hy het dit nogtans gedoen! Hoe ervaar jy hierdie temas van vervolging, dapperheid en onwilligheid, se invloed op die Evangelie in jou eie lewe?

### VRA

1. Bid vir elke leraar wat preek by NG Kerk Kathu, dat hulle woorde dapper en duidelik sal wees.
2. Bid vir ons uitreikspanne en die plekke waar mense vervolgd word as gevolg van die Evangelie. Bid dat die Woord vrylik daar verkondig kan word.
3. **Bid vir "heilige afsprake" hierdie week waar die Heilige Gees jou lei in betekenisvolle geestelike gesprekke met mense.**

## Dag 11

---

### Vir gesinne

---

Vra vir jul kinders om te dink aan maniere hoe hulle en hul maats probeer bewys dat hulle belangrik is, al beteken dit om ander mense te verkleiner. Help hulle om te verstaan hoekom dit belangrik is om eerder **daaglik 'n dissipel (navolger) van Jesus** te wees.

## Saterdag 24 Februarie

---

### Hand 4:13-22 – Alledaagse mense, buitengewone God

---

**Die dissipels was nie "geleerde" mense nie, maar hulle het** opgestaan teen van die mees geleerde en magtigste manne van hul volk. Die Joodse Raad was stomverbaas oor hul moed en hul gebruik van die Skrif. Hulle is deur die Gees vervul en kon met outoriteit praat net soos wat Jesus gepraat het.

Die Joodse Raad was verbaas oor hulle vrymoedigheid om te getuig, omdat hulle ongeleerde en eenvoudige mense was. Hoe moedig vandag se verse jou aan om te besef dat God ook deur ons sal werk?

**Alledaagse mense word nie van stryk gebring deur 'n** gespot en teenkanting nie. Hulle weet dat om van Jesus te praat, onontbeerlik is. Vriendskapsevangelisasie is wonderlik – **om 'n goeie, vreugdevolle lewe te leef sal** raakgesien word – maar uiteindelik moet jy ook oor Jesus praat. Die kruis móét meer saakmaak as koffie. Goeie dade is baie belangrik en gee jou geloofwaardigheid, maar ons moet steeds die geleentheid aangryp om mense direk uit **te daag om Jesus te volg. Ons leef in 'n kultuur wat** verdraagsaamheid hoog aanslaan, en daarom benodig ons moed om te praat oor wie Jesus is en wat die spesifieke waarhede van die Christenskap behels.

**HG Wells het gesê: "The trouble with so many people is that the voice of their neighbours sounds louder in their ears than the voice of God." Stem jy saam?**

### VRA

1. Bid dat jy nie jouself sal diskwalifiseer as "gewoon" of "alledaags" nie, maar eerder sal uitstaan as God se mens in jou gemeenskap.
2. Bid dat God vir jou die moed sal gee om geleenthede aan te gryp om die waarheid van Jesus aan vriende, bure en kollegas te verkondig.
3. Bid vir ons gemeente om ons visie uit te leef: *Ek en jy, as gestuurde gemeente, dien die Here met vreugde deur by mekaar en by ander betrokke te wees.*

## Dag 12

---

### Vir gesinne

---

Vra vir jul kinders om te dink aan van die moeilikste tye in hul lewe. Hoe het God hulle ontmoet in daardie moeilike tye? Wat het hulle van Hom geleer en hoe het hulle hul vriendskap met Hom verdiep? Help hulle om die boodskap van Handeling 14:22 te verstaan.

God kan enige slegte ding omkeer en gebruik om ons te help.

## Sondag 25 Februarie

---

### Handelinge 4:23-31 – **Wanneer 'n kerk bid**

---

Die gelowiges was verenig in hul reaksie op moeilikheid: dapper gebede wat die stemme en harte gerig het op die Soewereine God. Die gemeenskap het vergader om die Skepper-God te aanbid, die God wat by Jesus was toe Hy gely het en Hom opgewek het uit die dood, die God wat die verlamde man kon genees en die God wat die dissipels **bemagtig het om oor Jesus te preek vir 'n vyandige gehoor. Hulle het Skrif gebed tot God, wat altyd 'n goeie idee** is. Vergelyk die woorde van hul gebed met Psalm 2. Hierdie Messiaanse Psalm beskryf die teenkating wat hulle **ervaar het in die konteks van 'n wêreld wat geskep is en onderhou word deur God. Die ergste wat die owerhede kon doen deur Jesus dood te maak, was dat "hulle alles gedoen het wat U vooruit beskik en besluit het". Wat 'n soewereine God!**

Dit het die vroeë gelowiges die moed gegee om hul omstandighede na God te bring in gebed en dit by Hom te los. Interessant genoeg, het hulle nie gevra dat hul omstandighede verander nie, maar net om die moed te hê om voort te gaan om die boodskap van Jesus te verkondig. Bid ons partykeer te gou om uit omstandighede te ontsnap, as **om vir God te vra vir 'n pad deur ons probleme wat tot eer van God sal wees?**

Lees weer vers 31. Dit is wat gebeur wanneer ons onself toewy om God beter te leer ken deur die Bybel te lees en Skrifvervulde gebede te bid.

### VRA

1. **Wanneer jy voor 'n uitdaging te staan kom, bid dat God jou sal help om 'n Bybelse perspektief daarop te kry en om jou die moed te gee om Jesus daardeur te verheerlik.**
2. Bid dat God ons kragtig sal vervul met die Heilige Gees en ons in staat stel om wonderwerke te verrig.
3. Bid vir ons gemeente se kinders wat vandag hulle **"Sondagskool-piekniek" geniet.**

## Dag 13

---

### Vir gesinne

---

**Help jou kinders om 'n lys te maak** van sommige van die dinge wat Jesus **vir hulle gegee het. Maak nou 'n** tweede lys van dit wat hulle maats nodig het van Jesus. Inspireer jul kinders om te sien hoe hulle die hande en voete van Jesus kan word om hul maats te help. As dit help, lees 2 Korintiërs 8:8-12.

## Maandag 26 Februarie

---

### Handelinge 4:32-37 – **Wanneer 'n kerk deel**

---

Die geloofsgemeenskap se lewe was prakties sowel as geestelik. Die lewe van die Gees is gedemonstreer deur krag, prediking, wonderwerke, gebed en nou deur te deel. Ryk en arm was één in hart en siel. Deur vir mekaar te **gee en te deel, was 'n kragtige getuigenis dat Jesus lewendig is.** Daar is min dinge wat vir die ongelowige wêreld so treffend **is, soos 'n diverse groep mense wat** verenig is in Jesus en wat mekaar help.

Dit daag ons onafhanklikheid uit, ons trots om nie te wil erken dat ons hulp nodig het nie, en ons begeerte om sekuriteit in ons geld te vind. Ons smag na hierdie tipe gemeenskap, maar vind dit ook vreesaanjaend. Dit is baie makliker om te sing oor hoe Jesus sy lewe vir ons aflê, as om ons lewe vir mekaar af te lê.

**NG Kerk Kathu is 'n vrygewige kerk. Baie dankie aan** elkeen wat jaarliks bydra tot die sendelinge wat ons ondersteun, tot ons spesiale dankoffer, tot mense in nood. Kom ons bly altyd bewus van individuele nood rondom **ons, eerder as om te verwag dat "die kerk" iets daaraan sal** doen. Hierdie gedeelte herinner elkeen van ons dat **ÓNS** die kerk is – deur te deel wat ons het en te weet dat God se **genade kragtig werk in elkeen van ons. "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."** Johannes 13:35.

### VRA

1. Bid dat jy die geleentheid sal kry om vrygewig te wees teenoor hulle wat iets nodig het by NG Kerk Kathu. Maak jou hart, jou huis en jou beursie oop.
2. **Bid dat ons een in hart en siel sal word. 'n Diverse ge-**meenskap van dosyne nasies van alle ouderdomme en tog verenig in een Heilige Gees as God se familie.
3. Bid vir hulle wat die gawe van leierskap het om ons vorentoe te neem in hierdie areas, net soos Josef (Barnabas) in die verse wat jy vandag gelees het.
4. Bid vir ons kerk se finansies. Ons inkomste en ons visie is nie altyd gelykstaande aan mekaar nie. Ons moet **beslis werk aan 'n meer gesonde inkomste.**

## Dag 14

---

### Vir gesinne

---

Help jou kinders om te beseef dat dit baie beter is om eerlik te wees oor jou sonde, eerder as om voor te gee jy is perfek. Wees jy die voorbeeld deur een van jou tekortkominge te erken en luister dan na hul belydenis. Bid vir mekaar.

## Dinsdag 27 Februarie

---

### Handelinge 5:1-16 – Integriteit in alle dinge

---

Ananias en Saffira se verhaal is een van die mees dramatiese en ontstellende verhale in die Nuwe Testament.

**FF Bruce merk die volgende op: "Die storie van Ananias is vir die boek van Handelinge wat die storie van Akan is vir die boek van Josua. In albei verhale onderbreek 'n aksie van verraad die oorwinnende vordering van God se mense."**

**Wanneer ons op 'n nostalgiese reis gaan na die dae van die vroeë kerk, vergeet ons soms hoe hulle was. God moet nie ligtelik opgeneem word nie. Op die oppervlak het dit gelyk asof hierdie paartjie vrygewig was, soortgelyk aan Barnabas se optrede aan die einde van die vorige hoofstuk. Maar, Ananias het egter van die geld teruggehou. Die **Griekse woord in vers twee beteken om te "steel".** Lukas sê vir ons dat ons van God steel wanneer ons voorgee om vrygewig te gee, maar in die geheim inhaling is. Ananias en Saffira wou die eer daarvan hê om as vrygewig bekend te staan, sonder enige van die gepaardgaande koste. Hulle het met hul lewe daarvoor betaal.**

**Soos 'n bedrieër wat sy graad aanlyn koop of sy CV vervals om 'n beter werk te kry, het Lukas dit duidelik gemaak dat daar geen plek is vir sulke gedrag binne God se koninkryk nie. Ons moet die versoeking weerstaan om beter te vertoon as wat ons is, net om ander mense te beïndruk.**

Reflekteer daaroor watter rol/invloed die totale toegewydheid van vers 1-11 kon gehad het op die vrug in vers 12-16.

### VRA

1. Vra vir die Heilige Gees om vir jou te wys waar jy al vir **ander 'n vals indruk van jouself geskep het of op ander maniere gesondig het.** Vra vir vergifnis.
2. **Bid dat jy 'n mens met integriteit sal wees in jou werkplek.**
3. Bid vir die ouderlinge en kerkraad om wysheid en insig in mense se harte te kry, soos wat hulle mense betrek en lei by die verskillende bedienings.